

Omgewingsverandering – dit is 'n werklikheid

LEES BINNE:

- 3 > Ontwikkelende Boer van die Jaar besoek Australië
- 7 > Onkruidbeheer – van begin tot einde
- 10 > Die belangrikheid van goeie plaasbestuur

DIE TWINTIGSTE EEU HET BAIE UITDAGINGS AAN DIE MODERNE BOER GEBIED. EEN VAN HIERDIE UITDAGINGS IS OMGEWINGSVERANDERING. ONS HET 'N STADIUM BEREIK WAAR HIERDIE ONDERWERP NIE MEER VERMY KAN WORD NIE.

Boere moet die realiteite erken en begin om groot-skaalse omgewingskwessies op die laagste vlakke, op die plase en selfs in ons tuine, aan te spreek. Boerdery moet twee hoeke van benadering hê as ons beplan om stadig te begin met die rigting van klimaatsverandering. Dit val onder omgewingsbestuur en landboubestuur.


In 'n amptelike vrystelling deur die Verenigde Nasies se Omgewingsprogram (UNEP) word dit gestel dat die boere en voedselproduksie in die algemeen, een van die bedrywe sal wees wat die ergste geraak word deur klimaatsverandering. Dit is 'n kommerwekkende vooruitsig, maar as boere van alle vlakke aksie neem, sal baie van die faktore aansienlik verminder

kan word. Hierdie artikel sal 'n oorsig gee van 'n paar basiese stappe om jou plaas meer geskik te maak om omgewingsuitdagings soos droogte en watertekorte te hanteer.

Droogte

Daar word verwag dat droogte meer gereeld en meer ernstig sal voorkom as gevolg van klimaatsverandering. Om voor te berei vir gebeure soos hierdie, moet ons ons huiswerk doen oor die weer. Boerdery gaan baie oor tydsberekening. Ons plant en oestye moet presies wees, sodat die lang tydperke sonder reën minimale uitwerking op ons gewasse en hul opbrengste het.

Die digtheid van gewasse moet ook aangepas moet word volgens die resultate van jou "weer huiswerk". Miskien is die belangrikste stap dat boere op hoogte bly van nuwe ontwikkelinge in die wêreld van landbou. Daar is voortdurend nuwe ontdekkings en vordering word gemaak, of dit nou in genetica, chemikalieë of tegnologie is. Droogtebestande en



4



8

Omgewingsverandering – dit is 'n werklikheid



Mme Jane sê...

Is dit nie wonderlik dat almal elke jaar teen Maart goeie reën gehad het en die gewasse daarin geslaag het om die hitte van die somer te oorleef nie? Die natuur is ongelooflik en ons is so geseën!

'n Paar jaar gelede het ons gesê dat ons "oorlog teen onkruid" verklaar het. Nadat ons onlangs baie gebiede besoek het, sien ek dat ons die oorlog wen, maar dit neem te lank. Gedurende 2011 het meer as 1 100 van ons kleiner boere rugsakspuite aangekoop – hierdie spuite is 'n belangrike deel van jou wapenrusting teen onkruid. Onthou dat jy nooit moet ophou baklei teen onkruid nie – as jy hulle toelaat om saad te skiet, sal daar duisende meer onkruid in die komende seisoen wees. Hou aan met die stryd – spuit en of skoffel, maar moet nie rus voordat jy die oorlog op jou lande gewen het nie.

Ons glo dat ons vreemde weerpatrone beleef as gevolg van aardverwarming. Wat ook al die rede mag wees, ons beleef vreemde weer. Sommige gebiede is droog wanneer dit reën behoort te kry, terwyl ander te veel reën kry, of oormatige hitte, ensovoorts. Die vreemde weerpatrone dwing ons om ons produksiestandaard te verbeter. Asseblief, beheer jou onkruid chemies. Tydens nat jare is jy nie in staat om die onkruid meganies te beheer nie en dan ly die oes skade as gevolg van kompetisie met die onkruid.

Ons het die voordele van die gebruik van Roundup Ready saad gesien – onthou dat hierdie spesiale saad op so 'n manier ontwikkel is dat Roundup nie die mielies doodmaak nie, maar dit dood al die ander plante. Die gebruik van hierdie spesiale saad kos meer tydens planttyd, maar jy spaar op baie ander maniere en jy is byna verseker van 'n baie goeie oes. Probeer asseblief om voorsiening te maak om hierdie duur saad volgende jaar aan te koop – jy sal bly wees oor die resultate.



stresbestande gewasse moet die enigste alternatief wees indien ons nie 'n greep op omgewingsverandering kry nie. Indien ons die kennis wat ons kry tydens ons "weer huiswerk" toepas en die korrekte gewasvariëteite en digthede aanplant en ons plant hulle op die regte tyd, kan ons slegs dan hopelik voorkom dat onnodige verliese as gevolg van droogtestremming gely word.

Waterbestuur

Dit word verwag dat daar 'n toename in waterskaarste as gevolg van klimaatsverandering gaan wees. Wêreldwyd is die landbousektor verantwoordelik vir ongeveer 70% van alle waterverbruik. Aangesien boere die vernaamste skuldiges met watergebruik is, is dit belangrik dat ons ons waterverbruik doeltreffend en effektief bestuur ten einde ons algehele invloed op die waterkrisis verminder.

Hoe verbeter ons die bestuur van plaaswater?

Ons moet verseker dat al die water op die plaas doeltreffend werk! Herstel alle lekende krane, lasse en kleppe en monitor vir 'n ondergrondse lek van pype. Veeboere kan meer doeltreffend wees deur vlotterkleppe van waterkrippe te stel op 'n vlak wat vermorsing verminder (gewoonlik ongeveer 15 - 20 cm onder die rand), dit spaar 'n beduidende hoeveelheid water elke dag.

Sodra jy jou waterstelsel se bestuur verbeter, is die volgende stap om betrokke te raak by watervriendelike boerderypraktyke.

- Moet nie besproei gedurende die warmste tye van die dag nie, dit sal verdamping verminder.
- Bedek nuwe aanplantings (vir kleiner gebiede) met 'n deklaag van droë strooi, lusernhooi, houtsaaagsels of grassnysels, dit verminder ook waterverdamping.
- As jou plaas geleë is op die heuwelagtige terrein, sal dit voordelig wees om die natuurlike kontoere van die helling wat jy bewerk, te volg. Dit sal die grondverlies van afloopwater verminder en sal voorsiening maak vir meer waterabsorpsie.
- Ten slotte, implementeer die opgaar van reënwater op jou plaas, die voordele is groot. Dit kan op jou huis of stoor se dak geïnstalleer word en die water kan gebruik word vir 'n aantal dinge wat wissel van klein-skaalse besproeiing tot die was van klere. Dit help dat skoon water nie vermors word nie, dit spaar geld op die waterrekening en dit spaar jou tyd wanneer die watertoevoer weer eens afgesny word.

Die omgewing en sy komponente is die basis waarop die landbou gebaseer is en as ons van plan is om aan te hou met die ontginning daarvan sonder inagneming van die gesondheid daarvan, is ons in die moeilikheid. Om voedselproduksie in die toekoms voort te sit en om voorsiening te maak vir die vinnig groeiende globale bevolking, sal ons moet aanpasbaar wees en reageer op die uitdagings wat die natuur oor ons pad bring.

**GAVIN MATHEWS, BACCALAUREUS
IN OMGEWINGSBESTUUR, UKZN**

Ontwikkellende Boer van die Jaar besoek Australië

GEDURENDE 7 - 22 JULIE 2011 HET WILLEM MATASANE EN EK (JOHAN KRIEL) DIE WONDERLIKE GELEENTHEID GEHAD OM NA AUSTRALIË TE REIS EN OM TE SIEN HOE BOERDERY DAAR WERK. LEES MEER OOR ONS INDRUKWEKKENDE (EN OPVOEDKUNDIGE) REIS NA DIE "OUTBACK."

Op 26 Augustus 2010 het die jaarlikse Dag van Feesvieringe, waar die Graan SA Ontwikkelingsprogram lede vereer het wat meer as 250 ton geproduseer het, plaasgevind. Een van die gaste wat uitgenooi was, was Dr Lee McNicholl, afgetrede veearts en huidige beesboer van Australië. Dirk van Rensburg, voormalige uitvoerende lid van Graan SA en lid van die groep vir ontwikkelende landbou, het hom saamgebring om te sien wat gebeur in Suid-Afrika in terme van die ontwikkeling van landbou. Hulle het mekaar jare ontmoet gelede toe Dirk besoek aan Australië afgelê het met 'n "Land Care" inisiatief en Lee Suid-Afrika besoek het om deel te neem aan 'n veteraan rugbytoernooi. Na 'n lesing deur dr. McNicholl het hy 'n uitnodiging gerig aan die wenner van die Graan SA Ontwikkellende Boer van die Jaar en enigene van sy ondersteunende span om Australië te besoek vir 14 dae. Die boere in sy omgewing sal omsien na die besoekers solank hulle net vir hul eie vlug betaal.

William Matasane het gewen en die res is geskiedenis. Met groot passie en dryf het Jane McPherson gereël dat ABSA William se kaartjie betaal en dat die Mielietrust my borg. Die Uitvoerende Bestuur van Graan SA het ons sakgeld geborg. So het die reuse avontuur vir twee jong boere wat nog nooit in Kaapstad was nie, wat nog te sê oorsee, begin.

Op 7 Julie 2011 het twee baie bang en bleek, maar opgewonde manne, vanaf Johannesburg vertrek na Sydney, Australië. Na 16 uur het ons geland en twee uur later was ons in Brisbane, waar Lee en Me-

gan McNicholl ons ontvang het. Vir die volgende twee weke was hulle ons gashere, toergidse en het ons deel van hul gesin gemaak.

Ons het by die McNichollse op hul plaas, Dulacca, gebly vir die grootste deel van die toer. Lee is 'n beesboer met 2 000 beeste. Sommige van die kampe is 800 ha groot en alles is skoongemaak en met grasse en peulplante gevestig. Hy het slegs een arbeider wat hom help en vir die res maak hulle gebruik van Australiese honderas vir beeshantering. Die meerderheid van die beeste is Angus, maar daar is ook Brahmane. Hierdie deel van Australië is bosluisvry – ek kon dit nie glo nie! Hulle verkoop direk aan voerkrale, waarvan daar geen tekort is nie. In hul huise gebruik hulle net reënwater wat hulle opgaar in tenks en die toilette word gespoel met damwater. Boorgate word gebruik vir die lewendende hawe se waterkrippe, maar die water is nie geskik vir menslike gebruik nie.

Die eerste nag het ons in Brisbane geslaap en 'n vaart op die Brisbane Rivier meegemaak. Ons het ook die Super 15 rugby eindstryd by die Suncorp-stadion bygewoon. Ons het selfs saam met die Aussies gejuig met hul oorwinning toe die Reds die Crusaders klop. Die volgende dag, Sondag 10 Julie, het ons toer amptelik begin. Ons het soveel gesien en geleer dat ek slegs 'n opsomming hier kan gee.

Ons besoek Queensland, 400 km noord van Brisbane, met die distrikte Toowoomba, Condamine, Dolby en vele ander.

Ons besoek twee beesvoerkrale tydens ons verblyf: Grassdale wat deur Mort & Co besit word en ook Lillyvale, wat deur die Morgan familie besit word. By Grassdale het hulle 58 000 beeste. Die plaas is 5 585 ha groot en hulle plant graan op 2 590 ha hiervan. Die res, 2 995 ha, word gebruik vir weiding waarop hulle kleiner kalwers gereed kry vir die voerkraal. Al die water vir die vee kom uit 'n boorgat meer as 'n duisend meter



'n Baie opgewonde William Matasane saam met Lee McNicholl en Paul McNicholl by die Super 15 rugby eindstryd by die Suncorp-stadion.



William en Johan het ook besoek afgelê by die Leslie-sentrum vir navorsing in Queensland.

Ontwikkende Boer van die Jaar besoek Australië

diep. Die water is vuurwarm en moet eers afgekoel word in 'n groot dam voordat dit na die waterkrippe vloei. Al die paaie is geteer en dit is baie skoon en netjies.

Lillyvale voerkraal is op die landgoed Arubial en soos genoem, die eiendom van die Morgan-familie. Margaretta Morgan, 71 jaar oud en haar twee seuns behartig die bestuur van die voerkraal en 'n groot plaas met gewasse. Hulle plant sorghum, koring en katoen. Ten spyte van haar gevorderde ouderdom, bestuur Margaretta nog 'n Toyota 4x4, maak kalwers en bokke groot en terselftetyd bestuur sy nog 'n Brahman-stoet en 'n pragtige blomtuin. Sy werk in haar huis, maak kos, maak skoon en is altyd netjies, hare is gedoen en naels geverf. Wat 'n formidabele vrou!

Ons het ook gestop by Rodney en Margaret Hamilton se plaas, Calitras. Tydens die vloede van 2009/2010 was hul plaas drie keer onder water en hy het sy sorghum en koringoes verloor. Hy maak slegs van geenbewerking gebruik en gebruik net 'n onkruidspuit, planter en 'n stroper. Die spuit dek 42 m op 'n keer en het kameras en doen slegs bespuiting van onkruid wat deur die stelsel geïdentifiseer word. Die lande is so glad soos 'n tafel met 'n helling wat met een graad val na die een kant. Hulle was besig met die oes van sorghum toe William agter die stuur van die groen monster inskuif. Ek kon hom nie weer wegkry nie.

Lindsay Ward, 'n kenner op die gebied van geenbewerking, het die hele dag saam met ons spandeer om te wys en aan ons te verduidelik hoe hulle hul lande hanteer. Ons het ook besoek afgelê by die Leslie-fasiliteit waar hulle navorsing doen oor koring, gars en hawer. Byna soos ons Kleingraaninstituut, word befondsing deur die staat gedoen, asook deur middel van heffings wat betaal word deur graanboere. Deur dit so te doen, het hulle 'n sê in dit wat gedoen moet word.

Ons toer het ook 'n uitstappie ingesluit na die Sandon Glenoch Angus stoet van Roger Boshammer, waar hulle bulle gereed maak vir die veiling. Hul weiding is op grond geplant wat eers skoongemaak is en toe voor planttyd gelyk gemaak is. Ons het ook gestop op Peter Wright se plaas, Banyula, waar hulle selbeweiding toepas. Die kampe is tussen 25 ha en 35 ha groot en huisves gemiddeld 400 beeste. In die somer skuif die beeste daaglik en in die winter slegs elke derde dag. Die weiding lyk soos 'n grasperk en die boer het tans te veel weiding vir die vee wat hy het. Dit is ongelooflik wat Peter en sy vrou, Maria, bereik het. Hulle het dit alles op hul eie gedoen – geen arbeid gehad nie.

Die laaste twee dae het ons deurgebring in Sydney, waar ons die Sydney Operahuis, die Tower Bridge en die akwariem besoek het. Ons het twee onderhoude gevoer met die Australiese TV Uitsaai Koöperasie, asook drie radio onderhoude. Ons het in 'n veteraan rugbywedstryd gespeel vir die Condamine Codgers teen die Bundaburg Rum Ruckers, waar William al die pad van die halflyn gehardloop het om 'n drie onder die pale te druk.

Die boere van Australië het ons in hulle huise en in hulle harte ingeneem. Hulle het ons alles gewys en oral heen geneem. Hulle wil sien dat Suid-Afrika 'n sukses sal wees. Hulle wil sien dat grondhervorming suksesvol uitgevoer word. Hulle is ons soort mense en vir ons twee Vrystaters was dit nogal 'n ervaring, 'n geleentheid van 'n leeftyd. Ons is baie dankbaar vir almal wat hierdie reis vir ons moontlik gemaak het. Jane, vir haar volharding om dit te laat gebeur, ABSA, die Mielietrust en Graan SA se Uitvoerende Bestuur vir die borge, asook Dirk van Rensburg, wat dit alles begin het. Ek en William wil baie dankie sê!

**JOHAN KRIEL, PROVINSIALE KOÖRDINEERDER
VAN DIE GRAAN SA ONTWIKKELINGSPROGRAM VIR BOERE**



Die Sydney Tower Bridge is een van die baie plekke wat deur William en Johan besoek is terwyl hulle in Australië was.

Winter- graan

Kies die korrekte koringkultivar



ONGELUKKIG IS DAAR BAIE MIN ONTWIKKELENDE BOERE WAT IN STAAT IS OM KORING AAN TE PLANT AS GEVOLG VAN DIE FEIT DAT HULLE NIE PRODUKSIEKREDIET KAN BEKOM NIE.

Alhoewel ons geneig is om die gelduitleen instellings te blameer, moet ons ook onthou dat boerdery 'n besigheid is en niemand gaan jou geld leen indien die ondernemingsbegroting nie winsgewend lyk nie.

Die koste is hoog en veral in die Vrystaat is koring baie riskant, omdat ons nie vroeg in die lente reën kry wat so noodsaaklik vir hierdie streek is nie. Onthou dat ons in die Vrystaat nie winterreën kry nie (soos in die Kaap) en die koringoes groei van die vog wat in die grond bewaar word. As ons goeie lentereëns kry, kan die Vrystaat 'n goeie koringoes lewer, maar net op grond van die vog in die grond is 'n goeie oes onwaarskynlik.

Daar is boere wat koring sal plant en dit is dus nodig om te dink oor kultivarkeuse. Kultivarkeuse is een van die belangrikste ekonomiese besluite wat produsente maak. Die doel is om die hoogste opbrengs met die laagste risiko te bereik.

Opbrengspotensiaal

Kultivars reageer verskillend in terme van opbrengs tydens veranderende opbrengspotensiaal toestande. Sommige kultivars presteer beter met 'n laer opbrengspotensiaal, terwyl ander hoër potensiaal toestande beter benut. Die ideale kultivar sal die hoogste opbrengs lewer onder alle opbrengspotensiaal toestande. Dit sal uitstekende aanpasbaarheid

aandui, maar ongelukkig is so 'n kultivar selde te vind as gevolg van ander faktore, soos die gehalte van die graan, hektolitermassa en die vatbaarheid vir siektes, wat ook 'n rol speel. Dit is veral belangrik dat die produsent die opbrengspotensiaal van sy plaas en lande volgens grond, klimaat en bestuursvermoë onder droëlandtoestande moet ken, om sodoende 'n realistiese opbrengsmikpunt te kan maak.

Gradering en kwaliteit

Graderingsregulasies vir broodkoring sluit minimum proteïeninhoud, minimum hektolitermassa en 'n minimum valgetal in. As die prys wat jy kry vir die gewas afhanklik is van die graad, moet jy seker maak dat die kultivars wat jy gekies het aan hierdie vereistes voldoen onder jou produksieomstandighede.

Siektes en plae

Die voorkoms van siektes en plae in 'n gebied en die vatbaarheid van kultivars vir hierdie siektes en peste moet in ag geneem word. Op hierdie manier kan risiko en insetkoste (bespuitings koste) verminder word.

Saadprys

Wanneer die produsent duurder bastersaad koop, moet hy seker wees dat die saadkoste verhaal sal word deur 'n hoër opbrengs. Onder veral die laer potensiaal droëland toestande, sal dit waarskynlik tot voordeel van die produsent wees om saad van die goedkoper, suiwer lyn kultivars aan te plant.

Kies die korrekte koringkultivar

Hektolitermassa

Hektolitermassa bepaal die graad van die koring en hierdie eienskap hou sterk verband met 'n spesifieke kultivar. Groot prysverskille tussen die verskillende grade en utiliteitsgraad beïnvloed ook kultivarkeuse. Veral in gebiede waar uiterste grond water en temperatuur stres voorkom gedurende graanvulling, waar deurlopende reën tydens oes en waar plantsiektes gereeld voorkom, kan groot verliese gelyk word met die afgradering van die graan as gevolg van 'n lae hektolitermassa.

Strooisterkte

Die omval van besproeiingskoring en droëland koring lei dikwels tot verliese. Dit is gewoonlik 'n probleem waar kritiese opbrengspotensiaal toestande oorskry word, maar ander faktore soos wind of storms, oorhoofse besproeiing en oormatige stikstofbemesting speel ook 'n rol. In gebiede en situasies waar omval algemeen is, moet die plant van kultivars wat geneig is om om te val, versigtig oorweeg word.

Aluminium verdraagsaamheid

Meer suur grond (pH KCl) met minder as 4,5 en met 'n suurversadiging groter as 10% kan in sekere areas vrye aluminium vlakke bereik wat giftig is vir sekere kultivars. Kultivars verskil in hul toleransie tot hierdie skadelike vlakke. Indien sodanige toestande voorkom, sal dit help as

die produsent sy kultivarkeuse aanpas. Alhoewel regstellende bekaliking die beste oplossing is, word verdraagsame kultivars beskou as 'n korttermyn maatreël.

Dagliglengte en koue behoefte

Dagliglengte en koue behoefte beheer die groeiperiode en is reeds lank bekend as belangrike faktore wat kultivar aanpassing bepaal. Kultivars moet gekies word wat aangepas is vir klimaatstoestande soos groeiseisoen lengte, reënval patroon, temperatuur en die eerste en laaste ryp datums. Die mees geskikte kultivars is reeds hiervoor geëvalueer en dit word weerspieël in die optimale plantdatums vir elke kultivar.

Uitval van pitte

Hierdie faktor verwys na hoe goed die ryp pit heg aan die aar, asook tot watter mate die dop beskerming bied aan die pit. Onder besproeiing is sekere kultivars meer vatbaar vir voëlskade en verliese tydens oes.

Uitloop verdraagsaamheid voor oes

Dit verwys na die verdraagsaamheid van 'n kultivar teen ontkieming van graankorrels in die aar voor oes. Dit is belangrik om te weet dat geen vrygestelde kultivars onder normale omstandighede in die aar sal ontkiem nie. Sekere kultivars is egter meer geneig om voor oes uit te loop as ander.



Onkruidbeheer

– van begin tot einde



GRAANPRODUSENTE IN SUID-AFRIKA IS DEEGLIK BEWUS VAN DIE NEGATIEWE UITWERKING VAN ONKRUID WAT OP HUL LANDE GROEI. EFFEKTIEWE BEHEER TEEN HIERDIE INDRINGERPLANTE WAT VOG STEEL EN GEWASSE VAN VOEDING ONTNEEM, IS NOODSAAKLIK DWARSDEUR DIE SEISOEN EN AL DIE SUKSESVOLLE KOMMERSIËLE BOERE HET OOR DIE ALGEMEEN 'N STRENG PROGRAM IN PLEK OM DIE VERSKILLENDE PROBLEME WAT AAN HULLE BEKEND IS, TE BEHEER.

Die geheim van effektiewe onkruidbeheer lê egter in 'n voortdurende en doeltreffende monitering van die situasie op die lande van voor plant regdeur tot by oes.

Die omvang van onkruidbesmetting op die land is direk verwant aan die opbrengsproduksie van daardie land. Boere begin die nuwe seisoen oor die algemeen baie entoesiasies deur al die korrekte prosesse te volg. Onkruidbeheer kry die nodige aandag sodat die nuwe saad geplant word in pragtige onkruidvrye grond en die klein plantjies is in staat om vrylik te groei na sonlig toe. Te dikwels verloor boere egter “stoom” – of kontant – of energie – of hulle aandag word afgelei deur ander dringende eise van hul besighede en hulle versuim om aandag te gee aan die onkruid wat hulself verstregel rondom die wortels van die groeiende gewasse, volwassenheid bereik en die vervaardiging van sade wat 'n “saad bank” sal vorm vir die volgende seisoen, óf wat die graan wat aan die plaaslike silo's gelewer moet vir bemarking, besoedel.

Onkruid het verskillende lewenssiklusse.

- Sommige is eenjarige wat hul lewensiklus voltooi binne een jaar van saadontkieming tot saadproduksie.
- Tweejaarlikse onkruid sal hul lewensiklus voltooi in twee jaar deur te ontkiem in die eerste jaar, dormant te gaan deur die winter en dan die volgende jaar verder te groei, saad te produseer en dan te vrek.
- Meerjarige onkruid leef langer as twee jaar en kan dikwels van hul vegetatiewe materiaal soos lopers, wortels, knolle of bolle, asook hulle nageslag, reproduseer.

Onkruid wat 'n algemene probleem vir mielieboere is, het oor die algemeen dieselfde lewenssiklusse en groeipatrone as die mielieplant en is 'n bedreiging vir mielieproduksie potensiaal deur die grootte van die opbrengs en die graadkwaliteit van die oes te benadeel. Onkruid is verder baie sterk plante wat moeilike groeitoestande kan oorleef en steeds 'n hoë saadproduksie potensiaal het.

Die saadbank

Waar onkruid gelos word om te groei tot volle volwassenheid en saad wat op die grond val te produseer, staan hierdie sade bekend as die “saadbank” van die onkruid. Onkruidbeheer vlakke onder 70% van die besmetting lei tot groot saadproduksie en 'n groot nageslag toevoeging tot die saadbank, wat in die toekoms 'n hoë saailing bevolking sal hê en is die grootste bron van besmetting op die landerye.

Suksesvolle langtermyn onkruidbestuur behels die beheer van onkruidsaailinge wat op die land groei, asook 'n doelbewuste poging om die saadbank op die land te verminder deur seker te maak dat die onkruid nie die geleentheid kry om vars saad op die grond te gooi nie. Daarom is dit nie genoeg om net te fokus op onkruidbeheer in die vroeë seisoen nie – onkruidbeheer moet 'n primêre fokus regdeur die seisoen wees!

Onkruidbeheer gedurende die seisoen

Die kritieke tydperk vir onkruidbeheer by mielies is drie tot ses weke na plant. Tydige beheer op hierdie stadium is noodsaaklik om maksimum opbrengs te verseker. Mielieplante wat onkruidvry gehou word dwarsdeur hierdie groeifase, kan deur die res van die seisoen groei met min negatiewe uitwerking op die plant se opbrengs, selfs al groei die onkruid nog rondom dit. Dit is egter belangrik om nie onkruidbeheer op hierdie punt te stop en die langtermyn bedreiging van die onkruidgroei op die land uit die oog te verloor nie. Boere moet hulself vertrou maak met die verskillende onkruid en hul unieke eienskappe. Wees ingelig oor die lewensiklus van die onkruid in jou streek en die invloed wat hulle het op plant en oes. Ken die implikasies van die saad wat deur die volwasse plant op die land gesaai word en ook die invloed wat die onkruidsaad sal hê indien die saad in die graan voorkom wat by die silo gelewer word wanneer jy jou produkte wil bemark.

Graan by die silo

Jou plaaslike silo bestuurder sal in staat wees om jou te lei. Die graanmonster wat van jou wa geneem word, word vir verskeie dinge getoets, byvoorbeeld monsterkwaliteit en graad. Elke vraag wat gelewer word, word getoets vir skadelik sade. Onkruidsaad wat in jou monster gevind word, sal jou winsgrens beïnvloed en enige ongewenste of giftige sade sal beteken dat jou koring gesif en skoongemaak en getoets moet word. Die siftingsproses kan 'n paar keer herhaal word totdat die silo bestuurder tevrede is dat die graan veilig gestoor kan word. Elke siftingsproses het 'n koste-implikasie wat jy as die boer sal betaal en daar wins verloor. By die plaaslike NWK graan silo wat ek geraadpleeg het, is die fooi vir een siftingsproses R44,00/ton. Wanneer die onkruid nie goed beheer is gedurende die seisoen nie, sê die silobestuurder dat die onkruidsaad inhoud in die graan so hoog is dat meer as een siftingsproses nodig is om alle tekens van die giftige saad te verwyder.

Sondebok nommer een: Olieboom is die boer se vyand!

Een van die grootste probleem onkruid in graanboerdery is *Datura stramonium*, algemeen bekend as olieboom. Dit is 'n wydverspreide someronkruid afkomstig van die Amerikas, maar word nou gevind in die meeste van die wêreld se graangroeiende streke. Die olieboom groei gewoonlik 1 m tot 1,5 m hoog. Die blomme is trompetvormig, wit tot room en selfs ligte skakerings van pers. Elke plant kan soveel as 100

Onkruidbeheer – van begin tot einde

of meer saadkapsules vorm wat tot tussen 200 - 300 sade elk bevat. Sommige wetenskaplike studies rapporteer dat waar die onkruid nie beheer word nie, tot 2 000 sade per vierkante meter geproduseer word en gevoeg word by die saad bank. Hierdie sade is in staat om dormant in die grond te bly vir so lank as 39 jaar. Die olieboom plant kom dikwels na vore op dieselfde tyd as die mielieplant, groei sterk en is hoogs mededingend vir water, voedingstowwe en lig. Die onkruid sal sterk groei regdeur die mieliegroeiseisoen totdat die eerste harde ryp val, dus kan dit selfs die mielieplant tydens die stadium van graanvulling beïnvloed.

Nog 'n algemene naam vir die saad van die olieboom plant is malpitte. Alle dele van die plant – veral die saad en die blare, is baie giftig en veroorsaak ernstige hallusinasies en kan selfs dodelik wees indien dit deur mense en vee geëet word. Baie hospitalisasies en selfs sterftes is aangemeld.

Dit is as gevolg van die hoogs giftige aard van die olieboomplant dat boere streng beheer oor die onkruid moet uitoefen en elke plant moet vernietig word. Graanhandelaars kan nie die risiko van besoedeling van die graan dra nie en diere moet ook nie toegelaat word om te wei op lande wat besmet is deur olieboom nie. Hooi moet ook nie gemaak word van lande waar al die olieboom óf deur bespuiting met onkruidododer gedood is, of verwyder is deur dit met die hand uit te trek nie.

JENNY MATHEWS, VOORSITTER VAN DIE GRAAN SA ONTWIKKELINGS-PROGRAM VIR BOEREFARMER DEVELOPMENT PROGRAMME



***Hierdie spesiale bylaag is
moontlik gemaak deur die bydrae
van die Wintergraantrust.***

Op die radio

Moet nie hierdie interessante programme oor die radio misloop wat sake van belang vir ontwikkelende produsente dek nie.

Radio	Weeksdag	Aangebied deur	Tyd
Zululand FM	Saterdag	Jurie Mentz	06:10
Ligwalagwala FM	Donderdag	Jerry Mthombathi	05:10
Umhlobo Wenene FM	Dinsdag	Lawrence Luthango	04:30
Alfred Nzo FM	Maandag	Ian Househam	19:00 - 20:00



Wanneer 'n buurman goedgesindheid toon...



Jack Motsoeneng wys die modderige water op sy plaas.

MNR JOHANNES MOTSOENENG EN SY BROER JACK BOER IN DIE ABERFELDY GEBIED IN DIE OOS-VRYSTAAT. HULLE IS DEUR GRAAN SA BYGESTAAN SEDERT DIE LAASTE DEEL VAN 2010 EN AS GEVOLG VAN LAAT REÛNS WAT HUL GRONDVOORBEREIDING BELEMMER HET, KON HULLE HIERDIE JAAR NET DAARIN SLAAG OM 'N BIETJIE SOJABONE EN DROËBONE TE PLANT.

Hulle word egter gesien as baie hardwerkende boere op 'n hoë potensiaal plaas, met 'n verbintenis om hul doelwitte te bereik. Graan SA se doelwitte met hulle is om hulle te ondersteun om kommersiële status te bereik.

Tydens 'n besoek in Desember 2011, het ons onkruidbeheer by sojabone bespreek. Omdat hulle Roundup Ready sojabone geplant het, is die toedieningshoeveelhede en metodes van toediening bespreek. Een baie belangrike aspek van Roundup toediening is die vereiste om absoluut skoon water te gebruik. Die feit dat die Roundup heg aan kleideeltjies en daarom met verloop van tyd neutraliseer, is die belangrikste rede waarom Roundup so 'n omgewingsvriendelike chemikalieë is. Dit is egter noodsaaklik om die korrekte kwaliteit water te gebruik.

Johannes was bekommerd omdat die boorgat op sy plaas nie gewerk het nie en het beplan om water te gebruik van die natuurlike stroom op die plaas. Ons het gekyk na die kwaliteit van die water en dit was goed op daardie stadium. Ek het weer 'n besoek aan die Motsoenengs op 12 Januarie 2012 gebring en gevind dat hulle op daardie stadium Roundup gespuit het. Dit was na baie lekker reën in die gebied. Soos ek vermoed het, was die water wat gebruik is van die sterk vloeiende stroom, baie modderig en totaal ongeskik vir Roundup aanwending. Hy het vir my gesê dat hy hierdie water die afgelope vier dae gebruik het, en minstens 30 hektaar gespuit het.

Ek het daarop gewys dat hierdie area weer gespuit sal moet word, omdat die chemikalieë nie kan werk onder daardie omstandighede

nie. Die verlies aan so baie liters chemikalieë was ook slegte nuus. Johannes was verbysterd. Hy wou hierdie baie belangrike operasie voltooi en hy het geen ander opsie gehad nie, omdat skoon water nie beskikbaar was nie. Sy vraag was: "Ntate, wat kan ek doen?" Ek het hom gevra om asseblief die bespuiting te stop en hom belowe dat ek 'n plan sou maak, ek het agter geen idee gehad watter plan nie!

Terwyl ek wegry van die plaas af, het ek verby 'n buurman se plaas gery en op die ingewing van die oomblik ingedraai. Sonder om te vra wat die doel van my besoek was, is ek ingenooi deur 'n baie vriendelike mev. Retief en terwyl ons 'n koeldrank gedrink het, het, het die bejaarde mnr. Retief by ons aangesluit. Die gesprek verloop soos volg:

Retief: "Bly om jou te ontmoet, Naas, wat verkoop jy?"

Ek: (lag) "Nee Oom, ek verkoop niks nie, ek soek hulp."

Retief: "Hoe kan ons help?"

Ek: "Oom, ek werk vir Graan SA en ons help die Motsoenengs, jou bure" en ek verduidelik die penarie wat ons ervaar.

Retief: "Ons sal jou met plesier help. Die wind kos my niks en daar is 'n reservoir wat nou vol is. Drink jou koeldrank klaar en ek sal jou wys waar. Ek ervaar net respek van my bure en dit sal lekker wees om hulle te help."

Probleem opgelos, maar veel meer as dit. Wat 'n openbaring dat soveel welwillendheid en buurmanskap bestaan in 'n land wat so dikwels rassistiese konflik ondervind. 'n Baie wyse ou vriend het eenkeer gesê: "Boerdery is nie 'n geldmaak storie nie, dit is 'n lewenswyse". Hoe waar is dit nie.

**NAAS GOUWS, PROVINSIALE KOÖRDINEERDER
VAN DIE GRAAN SA ONTWIKKELINGSPROGRAM VIR BOERE**

Die belangrikheid van goeie plaasbestuur

PLAASBESTUUR KAN BESKRYF WORD AS DIE NEEM VAN DIE BESTE (BEHOORLIKE DOELGERIGTE) BESLUITTE TEN OPSIGTE VAN DIE MENSLIKE HULPBRONNE EN AL DIE FISIESE HULPBRONNE OM DIE DOELWITTE VAN DIE BETROKKE BESIGHEID TE BEREIK.

Plaasbestuur word gedefinieer as doelgerigte besluitneming. Om die beste besluite oor toepaslike boerderykwessies te maak, moet 'n boer die volgende hê:

- Integriteit en verantwoordelikhedsin;
- Praktiese ondervinding;
- Tegnieke kennis;
- Sakevernuif; en
- Inligting oor die plaas wat hy bestuur.

Areas van bestuur

Binne 'n boerdery moet die eienaar/bestuurder die volgende areas bestuur:

- Produksiebestuur (fisiese produksie van produkte);
- Aankoopbestuur (aankoop van produksie-insette en bates);
- Bemerkingsbestuur (die verkoop van produkte);
- Finansiële bestuur (bestuur van finansies sluit in belasting, boedelbeplanning, risiko en onsekerheid);
- Administratiewe bestuur (kantoor en rekords);
- Menslike hulpbronbestuur (personeel en arbeid);
- Openbare verhouding (verhoudings en kommunikasie);
- Bate (beheer, instandhouding en verkoop) en voorraad (beheer);
- Algemene bestuur (Beroepsgesondheid en Veiligheid, brand, diefstal en plaasveiligheid).

Beskrywing van die term sake-etiek

Wat is 'n boerdery?

Die besigheid van boerdery is om produkte wat mense nodig het teen 'n wins te produseer deur die kombinasie van en die omskakeling van die vier produksiefaktore, naamlik grond, kapitaal, arbeid en bestuur in bruikbare produkte soos voedsel en/of vesel. 'n Voorbeeld van hierdie is die kombinasie van grond, saad, kunsmis, diesel, water, chemikalieë, voer, middels, arbeid, voertuie, masjinerie en toerusting om koring, hawer, mielies, vleis, wol, eiers, sybokhaar, ensovoorts te produseer.

Etiek

Etiek word volgens die Chambers woordeboek beskryf as die wetenskap van morele waardes, die deel van filosofie wat by menslike karakter en gedrag betrokke is – 'n stelsel van morele waardes en reëls van gedrag. Of volgens ander, as die morele beginsels wat gedrag beïnvloed. Of 'n bietjie meer prakties: Etiese gedrag = Regsgedrag + algemene goeie gedrag. Gewone goeie gedrag verwys na jouself. Hoe jy jouself gedra, kan bepaal word deur kultuur, godsdienstige agtergrond, jou opvoeding, voorbeelde van ander mense, ensovoorts.

Besigheidsetiek

Die term sake-etiek kan gesien word as die manier waarop jy jou besigheid bedryf. Dit is belangrik om die feit te erken dat daar verskillende kulture bestaan – Japannees, Xhosa, Tswana, Engels, Afrikaner, en-

sovoorts, maar daar is 'n definitiewe besigheidskultuur. Gehoorsaam jy die wette en algemene goeie gedrag? In jou gedrag ten opsigte van jou besigheid – beeld jy 'n besigheidskultuur uit en straal jy eienskappe soos integriteit, verantwoordelikheid, betroubaarheid, eerlikheid uit?

Wanneer jy 'n besigheid soos 'n boerderybesigheid bestuur, is jy ook 'n leier en die manier waarop jy jouself uitbeeld, skets 'n beeld van jou besigheid.

Die belangrikheid van besigheidsetiek

Behoeftes van mense

Van die skepping van die mens af, het die mens die behoefte gehad aan iets om van te lewe. Kos is altyd 'n basiese behoefte, saam met klere en skuiling. In die begin het die mens in sy/haar eie behoeftes voorsien deur byvoorbeeld te jag, die oes van wilde plante, die maak van sy/haar eie klere en in grotte geskui.

Soos die mens gevorder het, het sy behoeftes ook gevorder tot die hoë vlak behoeftes van vandag. Die mensdom het ook verskuif van selfversorgend na die aankoop van die meeste behoeftes. In vandag se moderne wêreld voorsien besighede in feitlik al die behoeftes van die mensdom in ruil vir geld.

Ons het dus vandag geld nodig om te ruil vir al ons behoeftes. As mens kan ons slegs geld verkry deur te werk om 'n inkomste te verdien. Of jy werk vir jouself, óf vir iemand anders. As jy die pad gekies om vir jouself te werk, soos met 'n boerdery, moet die besigheid finansiële suksesvol wees. In die primêre landbou is dit slegs moontlik indien jou besigheid 'n produk/te is wat mense nodig het ten einde die eienaar in staat te stel om 'n inkomste te verkry. Slegs indien die besigheid 'n wins maak, verdien die eienaar 'n inkomste (salaris). As daar 'n verlies is, is daar geen inkomste vir die eienaar/s nie.

Inkomste en uitgawes

Die "behoefte" wat deur besighede voorsien word, word "verkoop" aan verbruikers. Om geld te ontvang in ruil vir behoeftes, bring inkomste vir 'n besigheid. Tydens die proses van die vervaardiging en/of lewering van die behoeftes van 'n besigheid, word sekere kostes of uitgawes aangegaan. Hierdie koste word verdeel in verskillende groepe:

- **Produksiekoste** – saad, kunsmis, plaagdoders, medikasie, oes en bemerkingskoste.
- **Oorhoofse koste** – bankkoste, admin koste, rekenmeesters en voertuig koste.
- **Vaste koste** – lisensie koste, lone van permanente werkers, waardevermindering en versekeringskoste.
- **Vreemde faktor koste** – rente op lenings, salaris van 'n bestuurder en koste om grond te huur.

Die totale koste is die somtotaal van al die kostes.

Wins/verlies

Wins is gelyk aan die inkomste wat meer is as die totale uitgawes. Inkomste - Uitgawes = Wins / Verlies ($I - E = P / L$).

In terme van 'n besigheid sal alles, almal wat betrokke is by die besigheid, of dit die eienaar/s, bestuurders of werknemers is, deur middel van wat hulle doen, of nie doen wat hulle moet doen nie, die wins beïnvloed (met ander woorde hulle invloed op die inkomste en/ uitgawes) van die besigheid.

- Wanneer jy jou telefoon of selfoon gebruik, beïnvloed jy koste en uiteindelik die wins.
- Wanneer jy stad toe ry met jou bakkie, beïnvloed jy koste en uiteindelik wins.
- Wanneer jy die trekker gebruik, is daar koste wat uiteindelik wins beïnvloed.

Net so sal die manier waarop jy as bestuurder/leier van jou besigheid jou gedra, die wins/verlies van jou besigheid beïnvloed. Dit kan óf positief, óf negatief wees. Om as eienaar 'n salaris te verdien, is dit belangrik dat die besigheid volhoubare wins oor 'n tydperk toon. Daarom moet die eienaar/bestuurder alles in sy/haar vermoë doen om dit te bereik.

Goeie soliede sake-etiek (positiewe gedrag) sal oor die langtermyn volhoubare wins handhaaf. Aan die ander kant sal swak sake-etiek die teenoorgestelde meebring. Ja, daar kan korttermyn voordele wees, maar op die lang termyn sal swak sake-etiek lei tot swak besigheid.

Integriteit vorm 'n groot deel van sake-etiek, maar is ongelukkig vandag aan die verdwyn. Persoonlike standaarde verkrummel in 'n wêreld wat streef na persoonlike plesier en kortpaaie na sukses. Onthou: jou goeie naam is 'n waardevolle bate. Niemand kan dit van jou wegneem nie, net jyself.

- 'n Goeie naam is beter as rykdom.
- 'n Goeie naam word vinniger verloor as gewen.

Besigheidsetiek en produksiebestuur

Produksiebestuur

Landbouproduksie behels die kombinasie en die omskakeling van vier produksiefaktore, naamlik grond, kapitaal, arbeid en bestuur in bruikbare produkte soos voedsel, vesel, ensovoorts. 'n Voorbeeld hiervan is die kombinasie van grond, saad, kunsmis, diesel, water, chemikalieë, voer, middels, arbeid, voertuie, masjinerie en toerusting om koring, hawer, mielies, vleis, wol, ensovoorts te produseer.

Die doel van enige boerdery is presies om dit "wat mense nodig het" te produseer teen 'n wins. Met ander woorde, produksiebestuur is besig met die produksie van produkte op 'n plaas.

Hou in gedagte dat produksie die mees fundamentele funksie van 'n boerdery is en 'n baie direkte invloed het. Die basiese formule is inkomste (I) - Uitgawes (e) = wins/verlies.

Wat op 'n plaas geproduseer en uiteindelik verkoop word, is waarskynlik die enigste bron van inkomste vir die besigheid, terwyl daar gedurende die produksieproses baie uitgawes aangegaan is. Daarom het die manier waarop produksie op 'n plaas bestuur word, 'n baie direkte invloed op $L - E = \text{Wins/verlies}$.

In die vervaardiging van 'n produk of meer as een, bied finansies en bemarking dikwels uitdagings. Finansies bied 'n uitdaging wanneer jy die behoefte het aan fondse om jou produksieuitgawes te finansier. Waar kry ek die nodige befondsing? En wanneer jy geld leen, neem jou uitgawes toe as gevolg van rente betaalbaar. Dit verhoog die druk op die finansies van die besigheid.

Soms is die bemarking van produkte 'n uitdaging. In terme van die bemarking van produkte, is 'n basiese beginsel om te onthou om nie met produksie te begin as jy nie 'n mark vir jou produkte het nie. As jy nie 'n mark het nie, sal jy dalk nie in staat wees om jou produkte te verkoop nie en indien dit moontlik is om die produk te verkoop, sal die prys onbekend wees. Om die risiko met betrekking tot die bemarking van produkte en die prys te verminder, teken boere dikwels bemarking/produksie kontrakte waarvan 'n verskeidenheid beskikbaar is.

'n Mens sou egter voel dat dit jou besluit is om op jou plaas te produseer wat jy verkies. Redes soos finansies, bemarking, prys en risikobestuur, reeds genoem, kan beperk wat jy kan of hoeveel jy kan produseer. Dit word bestuur deur die teken van kontrakte vir befondsing of bemarking/produksie kontrakte om mark en prysrisiko's te bestuur. Mens moet ook nooit probeer om 'n produk te produseer wat nie geskik is vir die omgewing van die plaas nie.

Byvoorbeeld, indien jy fondse bekom van 'n graanhantering landboumaatskappy vir 'n produksie lening om 100 hektaar mielies te produseer ('n kombinasie van finansies en bemarking/produksie en prys), of 'n finansiële kontrak van 'n finansiële instelling. Of jy kry 'n kontrak om braaikuikens te produseer vir 'n spesifieke verwerker, jy word 'n sogenaamde "produsent". Onder hierdie omstandighede is jy onder 'n wetlike verpligting om te produseer waarvoor ooreengekom is.

Onthou

- In terme van 'n besigheid beïnvloed alles en almal wat betrokke is by die besigheid, of dit die eienaar/s is, die bestuurders of werknemers, die wins (met ander woorde hulle invloed op die inkomste en/of uitgawes) van die besigheid.
- Wanneer jy geld geleen het, word die oes in die meeste gevalle gebruik as sekuriteit vir die lening en moet geproduseer word soos ooreengekom.
- Kontrakte, hetsy skriftelik of mondelings, is bindend, selfs produksiekontrakte.
- Wanneer jy enige finansiële lenings aangegaan het, van watter aard ook al, moet dit op een of ander manier terugbetaal word, gewoonlik met rente.



Die publikasie word maandeliks gemaak deur die hydrae van die Mielietrust.

GRAAN SA

Posbus 88, Bothaville, 9660
 ▶ (056) 515-2145 ◀
 www.grainsa.co.za

PROGRAMBESTUURDER

Jane McPherson
 ▶ 082 854 7171 ◀

BESTUURDER: OPLEIDING & ONTWIKKELING

Willie Kotzé
 ▶ 082 535 5250 ◀

SPECIALIS: VELDDIENSTE

Danie van den Berg
 ▶ 071 675 5497 ◀

VERSPREIDING: PULA-IMVULA

Debbie Boshoff
 ▶ (056) 515-0947 ◀

PROVINSIALE KOÖRDINEERders

Daan Bosman

Mpumalanga (Bronkhorstspuit)
 ▶ 082 579 1124 ◀

Johan Kriel

Vrystaat (Ladybrand)
 ▶ 079 497 4294 ◀

Jerry Mithombothi

Mpumalanga (Nelspruit)
 ▶ 084 604 0549 ◀

Lawrence Luthango

Oos-Kaap (Mthatha)
 ▶ 083 389 7308 ◀

Jurie Mentz

KwaZulu-Natal en Mpumalanga
 ▶ 082 354 5749 ◀

Ian Househam

Oos-Kaap (Kokstad)
 ▶ 078 791 1004 ◀

Naas Gouws

Mpumalanga (Belfast)
 ▶ 072 726 7219 ◀

ONTWERP, UITLEG EN DRUK

Infoworks

▶ (018) 468-2716 ◀
 www.infoworks.biz



PULA IMVULA IS BESKIKBAAR IN DIE VOLGENDE TALE:

Afrikaans,

Engels, Tswana, Sesotho,

Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

Ons poog om die beste maandelike publikasie uit te gee. Enige voorstelle of terugvoer oor die redaksionele inhoud of aanbieding, kan gerig word aan Jane McPherson.

Die belangrikheid van goeie plaasbestuur

Positiewe gedrag

- Positiewe gedrag sou wees om te produseer soos ooreengekom in die spesifieke kontrak.
- Soms sluit hierdie kontrakte inspeksie klousules in, met ander woorde, daar word ooreengekom dat die betrokke instansie toegelaat word om jou lande te inspekteer tydens sekere stadiums van produksie. Positiewe gedrag sou wees om hierdie inspeksies toe te laat wanneer dit versoek word of selfs die instelling te nooi om jou te besoek.
- Of 'n verslag oor jou produksie uit eie vrye wil.
- Wanneer jy 'n probleem met jou produksieproses ervaar, eerlik te wees in jou optrede teenoor die ander party en jou probleme betyds te rapporteer. As jy byvoorbeeld dalk nie in staat is om die produk soos ooreengekom te lewer nie, breek dit betyds met die ander party. Hulle sal waarskynlik in staat wees om jou te akkommodeer of met 'n redelike oplossing te kom.

Negatiewe gedrag

- Moet nie minder produseer as ooreengekom nie.
- Moet nie meer produseer as ooreengekom in 'n poging om die produksie-insette te rek in 'n poging om meer geld te maak nie. Jy sal jou gewas verwaarloos en dalk nie in staat wees om jou skuld te delg nie.
- Wanneer jy oor 'n lening onderhandel, moet nie voorgee dat jy die eienaar is van die nodige toerusting om die produk te produseer, wanneer dit nie die geval is nie. Met ander woorde, moet nie probeer voorgee dat jy die middele het om die grond te bewerk, of die produk te vervaardig, wanneer jy dit nie het nie.
- As gevolg van negatiewe gedrag in die verlede, voorsien finansiële instellings nie

meer fisiese geld aan boere wanneer hulle 'n lening toestaan nie. Hulle sal dit net onder hoogs uitsonderlike omstandighede oorweeg. Vandag koop boere insette direk van die finansierder, of deur middel van 'n bestelling van die finansierder, wat dan die rekening direk met die verskaffer vereffen. Wanneer jy op hierdie manier insette ontvang het, moet nie sommige van die insette privaat verkoop ten einde geld in die hande te kry en dan die produksie van jou produk nalaat nie.

• Wanneer jy vee via een of ander skema gekoop het, bied die beste sekuriteit vir die lening en dieselfde geld hier. Moet nie 'n paar van die beste verkoop om geld te bekom nie, jy het die vee aangekoop om 'n produk te produseer en om jou verpligtinge na te kom.

Die resultaat

Wanneer jy produseer volgens die produksiekontrak wat aangegaan is, saamwerk ten opsigte van inspeksies, eerlik is met betrekking tot die beskikbare toerusting en toegang tot grond, sal jy jouself vestig as 'n eerbare produsent. Dit sal tot die voordeel van jou besigheid in die toekoms wees. Instellings sal gewillig en selfs gretig wees om produksiekontrakte met jou te sluit.

Negatiewe gedrag beeld swak sake-etiek uit en sal die teenoorgestelde effek hê. Jy sal vind dat dit moeilik is om produksiekontrakte te bekom. Positiewe gedrag sal integriteit, betroubaarheid, verantwoordelikheid en eerlikheid uitbeeld.

**INLIGTING AANGEPAS VANUIT
DIE BESIGHEIDSETIEK KURSUS
DEUR MARIUS GREYLING**

